# Welkom by NG The Reeds

## Veilige hawe vir nuwe hoop

Wat weerkaats jy?
2 Korintiërs 3:1-18.

# Votum

5 Dit gaan goed met mense vir wie u huis 'n
tuiste is: hulle hou nie op om U te prys nie. 6 Dit
gaan goed met mense wat hulle krag in U vind
en graag na u tempel toe gaan. 7 Vir hulle gaan
daar fonteine oop wanneer hulle deur 'n dorre
laagte trek en die vroeë reëns sy seëninge
bring. 8 Keer op keer ontvang hulle nuwe krag
totdat hulle voor God in Sion verskyn (Ps. 84:5-8)

# Seëngroet



# Oorwinningslied

1. Ek sien in my gees die glorie

en die almag van die Heer

Die Allerhoogste wat in liefde

oor sy koninkryk regeer

Hy't belowe aan die einde

op die wolke kom Hy weer

Hy is Koning, Hy regeer!

Loof Hom, Prys Hom, Halleluja!
Loof Hom, Prys Hom, Halleluja!
Loof Hom, Prys Hom, Halleluja!
Hy is Koning, Hy regeer!

2. Die Here is ons vesting

wat vir altyd sal bly staan

Hy beskerm elke mens

wat in geloof na Hom toe gaan

Hy’s ons Skuiling, Hy’s ons Wapen,

Hy’t die vyand reeds verslaan,

Hy’s die Rots wat ewig staan!

Loof Hom, Prys Hom, Halleluja!

Loof Hom, Prys Hom, Halleluja!

Loof Hom, Prys Hom, Halleluja!

Hy’s die rots wat ewig staan!

Kom deel nou in ons loflied

hef jou hande op na bo

Blaas basuine, slaan op tromme

en kom dans voor God se oë

Kom leef in die oorwinning

van sy Woord waarin ons glo

Want sy Woord sal ewig staan!

Loof Hom, Prys Hom, Halleluja!

Loof Hom, Prys Hom, Halleluja!

Loof Hom, Prys Hom, Halleluja!

Want sy Woord sal ewig staan!

Dan moet ek juig, my Redder en my God!

Hoe groot is U, hoe groot is U!

Want deur die hele skepping klink dit saam

Hoe heerlik, Heer, U grote Naam!

Dan moet ek juig, my Redder en my God!

Hoe groot is U,  hoe groot is U!

Want deur die hele skepping klink dit saam

Hoe heerlik, Heer, U grote Naam!

Hoe heerlik, Heer, U grote Naam!

# 2 Korintiërs 3:1-18



1 Begin ons weer onsself aanprys? Of het ons miskien, soos
party ander mense, aanbevelingsbriewe aan julle of van julle
nodig? 2 Julle is self ons aanbevelingsbrief, geskryf op ons
harte, vir almal om te lees en te verstaan. 3 Dit is tog duidelik
dat julle 'n brief van Christus is, deur ons diens geskrywe, nie
met ink nie, maar met die Gees van die lewende God, nie op
klip nie, maar op die harte van mense. 4 Ons sê dit omdat ons
deur Christus ten volle op God vertrou. 5 Uit onsself is ons nie
in staat om iets te bedink asof dit uit onsself kom nie. Ons
bekwaamheid kom van God, 6 wat ons bekwaam gemaak het
om bedienaars van 'n nuwe verbond te wees, nie van die
letter nie, maar van die Gees. Die letter maak dood, die
Gees maak lewend.

7 Die wet wat in letters op klip gegraveer is, het in heerlikheid gekom. Hierdie heerlikheid, wat tog gou sou verdwyn, het op die gesig van Moses so geskitter dat die Israeliete nie na hom kon bly kyk nie...

13 Ons is nie soos Moses wat sy gesig met 'n sluier toegemaak het nie. Dit moes hy doen om te verhinder dat die volk van Israel sou sien dat die ligglans aan die verdwyn was.14 Hulle verstand was ook toe, en vandag nog bly hulle verstand met dieselfde sluier toegemaak as hulle die Ou Testament lees, maar die sluier word deur Christus weggeneem vir iemand wat in Hom glo.

15 Maar vandag nog, elke keer as die wet van Moses
voorgelees word, is daar 'n sluier oor hulle verstand. 16 Van
Moses sê die Skrif egter: “Elke keer as hy hom na die Here
wend, word die sluier weggeneem.” 17 “Die Here” beteken
hier “die Gees”, en waar die Gees van die Here is, is daar
vryheid. 18 Ons almal weerspieël die heerlikheid van die
Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons
word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk
te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds
toe. Dit doen die Here wat die Gees is.



# ‘n Valse advertensie
# of ‘n lewende aanbevelingsbrief
# (1-6)



Valse leraars:

- Vertrou op aanbevelingsbriewe;
- Is behep met beheer, invloed en finansiële voordeel;
- Hulle bedien 'n ou Verbond wat fokus op prestasie en uiterlike dinge.



# Hoe beoordeel jy geloofwaardigheid in ons wêreld?





# ‘n Wettiese lewe teenoor ‘n lewe in teenwoordigheid van God (7-16)



**'n Wettiese lewe:**

- Soek reëls wat gedrag kan beheer.

**Coram Deo:**

- Leef in verhouding waar die bedoeling van wet in harte geskryf is.




# Leef jy ‘n wettiese lewe of leef jy in die teenwoordigheid van God?

# Meer en meer soos Jesus




# Leef jy in die teenwoordigheid van Jesus?





Wat weerkaats jy?



# Spieël van genade





# Spieël van genade

- **Vrae vir refleksie:**
  - Wat sien jy as jy in die spieel kyk?
  - Wat glo jy sien God as Hy in die spieel kyk?
  - Wat het al verander sedert jy Christus begin volg het?
  - Wat glo jy is die Here tans besig om in jou t te verander?

Ons bely dat ons woorde, dade en gesindheid en houding U dikwels eerder verberg as openbaar.

- As ons U liefde verberg met ons vooroordeel en onverdraagsaamheid, vergewe ons, Here;
- As ons u heerlikheid verberg met ons selfgesentreerdheid, vergewe ons, Here;
- As ons U waarheid verberg met ons eie slimmighede, vergewe ons, Here;
- As ons U geregtigheid verberg deur stil te bly as ons moet praat, vergewe ons, Here;

# Toewyding & aanbidding



# Flam 8

Ons is ’n oomblik; U is vir altyd,
God van die eeue, God voor die tyd.
Ons is ’n asem; U is vir ewig –
U wat ons liefhet,
altyd getrou.

Heilig, heilig, Heer God, Almagtig!
Waardig is die Lam wat regeer!
Al die lof, aanbidding en ere
kom U toe, o Heer,
kom U toe, o Heer!

Ons is gebroke; U die Geneser,
Jesus, Verlosser, Redder en Vriend.
Ons vra die vrae, U is die Antwoord.
Ons die verdwaaldes,
U is die Weg.

Heilig, heilig, Heer God, Almagtig!
Waardig is die Lam wat regeer!
Al die lof, aanbidding en ere
kom U toe, o Heer,
kom U toe, o Heer!

# Dankoffers



# VONKK 286:1

**Na u beeld, Heer, het U my geskep;**
**deur u asem my lewend gemaak,**
**sodat ek nou voor u oë mag leef,**
**in u Naam die wêreld mag raak.**
**Ek is mens voor U, ek is mens voor U,**
**deur u liefde as waardig verklaar.**
**Ek is mens voor U, ek is mens voor U,**
**dat die wêreld u liefde ervaar.**

VONKK 286:2

**Maar as mense selfsugtig bly leef,**
**word ons wêreld so stukkend en seer.**
**En ons sien die ander mens nie raak,**
**soos onsself ons lewe beheer.**
**Hy is mens voor U, sy is mens voor U,**
**deur u liefde as waardig verklaar.**
**Hy is mens voor U, sy is mens voor U,**
**dat die wêreld u liefde ervaar.**

Maar U maak ons u liggaam, o Heer,
om u hande en voete te wees.
En U maak ons lede van mekaar,
saamgebind deur Christus se Gees.
Ons is mens voor U, ons is mens voor U,
deur u liefde as waardig verklaar.
Ons is mens voor U, ons is mens voor U,
dat die wêreld u liefde ervaar.

# Seën

